

Saterdag 2 Mei

Skrifgedeelte: Markus 14:3-9

Fokusgedeelte: Markus 14:3-9

Oorweldig deur Jesus, is ek spandabelrig vir Hom

Spandeer jy te veel op Jesus ... of dalk nie genoeg nie? Hierdie vrou se naam was Maria (Joh. 12:3). Waarskynlik die Maria wat vroeër uit prostitusie tot bekering gekom het. Die tipe vrou wat hierdie tipe parfuum sou gebruik en kon bekostig. Maar nou was sy die tipe dissipel wat nie meer 'n beter doel vir haar parfuum kon sien as Jesus nie. En sy gebruik nie 'n paar druppels nie. Sy breek die kleikraffie se nekkie en gooi die volle halfliter uit.

Oordadig. 'n Vermorsing. Spandabelrig. Die ander dissipels het kwaai met haar geraas. Prakties en nugter gesproke, kon daardie geld baie verder kom. Dit klink baie edel, maar was eintlik baie ydel. Hulle het van beter geweet ... geweet wat regtig belangrik is.

Maar sy het beter geweet. Sy het dalk ydel voorgekom met haar duur parfuum, maar dit was eintlik baie edel. Dink aan Jesus se woorde in Lukas 7:47: "... omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, daarom bewys sy baie liefde."

Is jy edel of ydel in jou ere-diens aan Jesus? Ons steek dikwels ons selfgefokusde godsdienstigheid weg agter edele woorde en gedrag. "Daardie kos die kerk te veel." "Dis tog meer prakties op hierdie manier." Ons laat goeie goed soms sleg klink. En slegte dinge laat ons goed klink – omdat ons onself in die oog het, eerder as Jesus.

Maar, oorweldig deur Jesus se genade, doen ek wat ander nooit sou doen nie. Onprakties, dalk duur. Maar 100% logies, omdat dit oor Jesus gaan. Só het hierdie vrou onwetend Jesus vir sy dood voorberei en gesalf. 'n Voorreg waarby die ander in hulle ydelheid nooit sou kon kom nie.

En Jesus belowe dat hierdie les só belangrik is; ek en jy lees tot vandag toe daarvan. Edel of ydel?

Sing: Psalm 40-1:1, 5

Dr. G van Wyk (Griffel) (Rustenburg)